*De Bijbel in Nieuwe Vertaling met verklarende Aantekeningen. Het Nieuwe Testament.* J. H. Kok, Kampen, 1957. GLD. 17.50.

By die teks van die Nederlandse Bybelgenootskap se Nuwe Testament het Dr. N. J. Hommes, Dr. J. L. Koole, Dr. P. G. Kunst, Dr. H. N. Ridderbos en Dr. R. Schippers verklarende aantekeninge geskryf. Hierdie name is al waarborg dat mens, sy dit ook 'n behoudende maar dan, deeglike en verantwoorde verklaring by die geskrifte van die Nuwe Testament kan verwag. Vir ons in Suid-Afrika wen die werk aan betekenis omdat juis nou 'n werk met dieselfde opset in Afrikaans gepubliseer word. Die verklaarders volg die metode om aan elke boek of brief 'n baie kort en saaklike inleiding te laat voorafgaan. Eintlik is dit meer 'n karakterisering van die boek as 'n inleiding in die vakwetenskaplike sin van die woord. Die rykdom aan teksverwysinge na die Ou en die Nuwe Testament verhoog die waarde van die werk. Met sy gefundeerde kennis en bondige uiteensetting sal dit die Bybellesende lidmaat as 'n uitnemende gids kan dien en meeste van sy vrae kan beantwoord.

A. S. GEYSER